Noordwes Beeld

Jou wêreld, Jou koerant

Vrydag 8 April 2011

Amelia-atlete spog met 177 medaljes 7

Sê jou sê oor begroting

Deelname aan munisipale geldplanne tot einde April

Nicolize van der Walt en Alta Snyman

Munisipale begrotings moet teen die einde van die maand goedgekeur wees. Belastingbetalers kan tot dan deur openbare deelnameprosesse hul menings oor die konsepbegrotings gee.

Die Matlosana-raad se begroting is verlede week in die raadsvergadering ter tafel gelê.

Daarin word verduidelik hoe die raad hul begroting van nagenoeg R1,8 miljard in die nuwe geldjaar sal bestee.

Duur elektrisiteit, moeilike ekonomiese toestande, prysverhogings deur Eskom en Midvaal Water, swak infrastruktuur en salarisverhogings bo die inflasiekoers is redes waarom verbruikers nog meer sal moet opdok vir munisipale dienste.

Elektrisiteit is styg met 20,38%. Water word 13% duurder en eiendomsbelasting verhoog met 6%. Ander dienste soos riool en vullisverwydering styg met 4,8%.

Intussen word daar ook sowat R6 miljoen vir die seël van paaie begroot en 'n verdere R42 miljoen vir paaie en stormwaterpype, sowat R5 miljoen vir die verbetering van sportgeriewe, R4 miljoen vir die bou van 'n veeldoelige gemeenskapsaal en R19 miljoen vir spesiale voertuie.

Die raad het weer eens skuldinvordering benadruk. Die raad sal voortgaan om agterstallige gelde wat aan die raad verskuldig is in te vorder.

"Hierdie begroting moet oor 21 dae ter tafel gelê word vir finale goedkeuring.

"Ek doen 'n beroep op wyksraadslede om hul wyke in te lig oor die openbare deelname-proses.

"Ons moet wetgewing nakom en nou hierdie begroting na die mense toe vat," het mnr. Oefentse Mogale, uitvoerende burgemeester, gesê.

Openbare deelname hieroor het reeds vandeesweek begin.

Afskrifte van die beoogde begroting is ter insae vir die publiek by al die biblioteke binne die munisipale gebied beskikbaar.

Rustenburg Draft Budget

■ Rustenburg se plaaslike munisipaliteit se konsepbegroting is nog nie gereed nie.

Die aanvanklike begroting wat verlede week ter tafel gelê is, sou belastingbetalers se sakke ruk.

Daarvolgens sou erfbelasting 9% styg, elektrisiteit 20,38% en water, riolering en vullisverwydering met 16% elk.

Die totale begroting sou R2,479 miljard bedra, 21,66% meer as verlede jaar.

Die ANC- en opposisieraadslede het beswaar gemaak en die begroting is terugverwys.

Die finansiële portefeuljekomitee moes Woensdag oor die nuwe voorstelle vergader, maar die vergadering is weens 'n kragonderbreking in die munisipale gebou tot Dinsdag uitgestel.

'n Openbare deelname-vergadering word vir 15 April beplan.



Die veld word herfs met kosmosbloeisels

Wanneer die kosmos in Noordwes blom, beteken dit die herfs is hier. Irini Moutzoris (15) van UpStage Models in Klerksdorp kyk van nader na die welige veldblomme en -gras tussen die Stad van Mense en Ventersdorp. Foto: NICOLIZE VAN DER WALT

Bel ons met nuus: Rustenburg: Alta Snyman by ☎ 014 592 7660 of ☎ 083 279 2846 of alta.snyman@beeld.com
Klerksdorp/Potchefstroom: Nicolize van der Walt by ☎ 079 876 7381 of nicolize.vdwalt@beeld.com
Advertensies: Leonie Minne by 011 713 9740, 082 442 4584 of leonie.minne@beeld.com

Die volgende Noordwes-Beeld verskyn op Vrydag 29 April 2011 in Beeld.